

2 Februarie

Skrifgedeelte: Matteus 13:24-52

### Die uitnemende waarde van die koninkryk

Die koninkryk van God is iets van onskatbare waarde. Dit word eerstens vergelyk met 'n skat in 'n saailand. Tweedens word dit vergelyk met 'n pêrel van onskatbare waarde. As hierdie skatte gevind word, kos dit 'n baie groot prys om dit te betaal. Die koninkryk van God is egter nie te koop nie. Dit kan nie deur eie inspanning of verdienste verkry word nie. God skenk dit uit genade aan sy kinders. Die hoë waarde daarvan lê juis daarin dat dit iets hemels is wat op aarde ontdek word. Jesus Christus het onverwags by baie mense uitgekom en hulle geroep – soos die dissipels en Paulus. Hy het hulle geroep en hulle het dadelik gekom. So het baie reeds van kleintyd af – soos Timoteus – van Jesus geleer. Hy word egter steeds elke dag geopenbaar. Wat is die prys wat daarvoor betaal moet word? As ons beseft hoe kosbaar en belangrik die koninkryk is, dan is daar niks wat in ons pad mag staan om God uit dankbaarheid, met al ons krag en verstand, te dien nie. In die gelykenis het hulle alles wat hulle het gaan verkoop om die skat in die hande te kry. Jesus het in Matt 19:21 vir die ryk jongman gesê om alles te verkoop wat hy het, dan sal hy 'n skat in die hemel hê.

Ons moet bereid wees om alles ter wille van Jesus Christus op te offer. Ons hele lewe moet getuig van hierdie groot genadegawe in ons lewens. Jesus Christus het gekom en Hy lewe en ek behoort aan Hom deurdát Hy my duur met sy kosbare bloed gekoop het.

*Sing: Psalm 98:8*

*Ds GS Kruger (Centurion)*